Internet en netwerk tegnologie

JUN 2013

Karel moet ‘n netwerk installeer by die fabriek. Beantwoord die volgende vrae rakende die netwerk:

1. Behalwe vir die rekenaars wat hy alreeds het, noem nog TWEE komponente wat hy nodig het om die netwerk te skep. (2)
2. Noem TWEE redes hoekom hy rekenaars in ‘n netwerk sal wil konnekteer. (2)
3. Noem TWEE konneksiemetodes wat Karel kan gebruik om die rekenaars aan mekaar te koppel. (2)
4. Wat is die verskil tussen ‘n PAN en ‘n HAN? (Moet NIE net die afkortings uitskryf nie!) (2)

NOV 2011

Die komitee het besef dat hulle die internet sal nodig hê om navorsing te doen sowel as vir kommunikasie. Beantwoord die volgende vrae wat hulle het ten opsigte van die internet en die gebruik daarvan:

1. Beskryf kortliks wat die funksie is van die volgende met betrekking tot die internet:

    1.1. IDV (2)

    1.2. Modem (2)

    1.3. HTML (1)

    1.4. Soekenjin (2)

2. Verduidelik aan Mev. Marx hoekom dit ‘n goeie idee is om ‘n webgebaseerde e-pos adres te gebruik in plaas van ‘n IDV-gebaseerde adres deur na beide te verwys. (2)

3. Noem EEN voorbeeld van netiket vir e-pos onder elke van die volgende opskrifte:

    3.1. Aanhegsel (1)

    3.2. Onderwerp (1)